# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (13-17 April 2026)

---

## ONS ONTMOET MEKAAR
Vertel mekaar van die geleentheid in jou lewe waar jy baie bly was toe lig donker verdryf het.

## ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

## GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing:** Jesaja 8:23-9:6
**Tema:** Genadelig verdryf mensgemaakte duisternis.

## Gespreksvrae:
1. Jesaja beskryf hoe die volk in duisternis geleef het omdat hulle God as bron van lig verwerp het. Waar sien ons vandag soortgelyke “mensgemaakte duisternis” in die wêreld – en dalk ook in ons eie lewens?

2. Jesaja 8:20 roep die volk terug na God se Woord. Hoe help die Bybel ons vandag om waarheid en lig te onderskei in ’n wêreld vol verskillende stemme?

3. God het nie sy volk in die duisternis gelos nie, maar ’n nuwe begin belowe. Sy lig sal ons duisternis verdryf. Dit leer ons iets van sy karakter en sy genade teenoor mense wat afdwaal. Lees Jes 8:13-14 en17; 9:12 en Joh 8:12. Hoe lewe ons in sy lig?

4. Die titels van die Seun (Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors) wys wie Jesus werklik is. Watter van hierdie titels beteken tans vir jou die meeste en waarom beteken dit vir jou die meeste?

5. Jesus bring vreugde wat nie van omstandighede afhanklik is nie (Fil 4:4). Hoe verskil hierdie vreugde van die tipe geluk waarna mense in die wêreld soek?

6. Jesus maak mense werklik vry van sonde (Joh 8:34&36). Wat beteken dit prakties om as ’n vrygemaakte mens te leef?

7. Lees Fil 4:6-7. Is dit moontlik om vrede te hê in ‘n wêreld vol onrus en geweld? Het jy hierdie vrede?

## GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS
Ons word geroep om in Christus se lig te leef in ’n wêreld vol duisternis. Hoe bring ’n Christen se lewe vandag sigbaar lig in sy/haar huis, werkplek of gemeenskap?